

# Ets wese af van Noord-Kaapse hoofstad

**Pas nadat die laatherfsson gesak het, ets 'n silhoeët die wese van Kimberley teen 'n oranje lug af: 'n mynskag, die bekende mikrogolftoring, die ligmaste by die stadion van Windhoek Draught Park, en 'n deel van 'n gebou by die Sol Plaatje-universiteit.** FOTO: HELENA BARNARD

Hoofartikel

# Piranhas slaan toe op e-publikasies

**Sy sê: "Oe! Ek is mal oor lees! Ek lees alles waarop ek my hande kan lê. Ek is selfs op daardie WhatsApp-groepies waar ons die boeke en tydskrifte deel."**

Sy sê dit sonder blik of bloos. Sy lyk ingenome, so onskuldig. Of is dit eerder totaal oningelig – ongeag daarvan dat lees 'n mens se wêreld en kennis verbreed?

"*Truth to Power*, die boek waarin André de Ruyter van die smullende piranhas by Eskom vertel, was nog skaars op die rak of nog 'n soort piranha slaan daarop toe. Boekdiewe is nou voluit in die visier," skryf Erika de Beer, joernalis by Netwerk24.

"Hulle sal nie 'n koek uit 'n tuisnywerheid steel nie, maar op WhatsApp- en Telegram-groepe met honderde tot duisende lede deel Afrikaanse mense onwettig elektroniese weergawes van boeke met mekaar."

Hierdie diefstal voel vir die deler (so goed soos die steler) dalk nie so verkeerd nie omdat die produk wat gesteel word, nie sigbaar "weggedra" word nie.

So 'n elektroniese publikasie word gesteel en gedeel (iewers *along the line* het iemand dit gekoop, of ken iemand 'n kubermisdadiger wat weet hoe om publikasies agter betaalmure gratis af te laai) sonder skaamte.

Dit is so goed jy stap in 'n slaghuis in en vat jou pond vleis. Hoekom moet jy betaal: Iewers voor jou het iemand mos vir 'n pond vleis betaal. Of jy stop langs die grensheining en laai vir jou 'n skaap op. Hoekom betaal? Iewers *along the line* het iemand mos al hierdie skaapboer vir 'n skaap betaal?

Of 'n boek, tydskrif en koerant in e-publikasie-formaat is of nie, dit het die skeppers daarvan dieselfde tyd, moeite en gereeld verdriet besorg om die produk aanmekaar te sit. Dit was boonop allermins kosteloos.

*NoordkaapBulletin* is 'n gratis publikasie, maar sy betaalsusters-koerante en -tydskrifte op Netwerk24 loop deur onder dié piranhas. Hulle huiwer nie om vir 'n tydskrif op 'n winkelrak te betaal nie, maar sodra dit op die skerm te lees is, lyk dit of deel en steel ál meer die norm is.

Juweeltjie

## papierbrigade

Pharos se Afrikaanse woord vir Mei. Dit is mense wat, vir lees en skryf, papier bo die digitale skerms van rekenaars en ander elektroniese apparate verkies.

■ Nagenoeg 50 miljoen mense wêreldwyd beweer hulle vul minstens een blokraaisel per dag in, en die invullers is 50-50 verdeel tussen die papierbrigade en die digitale bende (Gerda Engelbrecht, Netwerk24)

**Hou jou selfoon se kamera oor dié blokkie om *NoordkaapBulletin* te lees. Lees elke week die nuutste koerant as 'n e-publikasie by streeksnuus.netwerk24.com en volg die Facebook-blad NoordkaapBulletin vir daaglikse plasings.**

CENTRAAL24

NOORDKAAP BULLETIN

| | | |
|---|---|---|
| **REDAKTEUR / EDITOR** | | |
| Helena Barnard | helena.barnard@media24.com | |
| **MEDEWERKER / EDITORIAL MEMBER** | | |
| Charné Kemp | charne.kemp.writer@gmail.com | |
| **ADVERTENSIES / ADVERTISEMENTS** | | |
| Natasha Ingram | natasha.ingram@media24.com | 082 567 3883 |
| **BETREKKINGS / VACANCIES** | | |
| Noleen Petersen | noleen.petersen@media24.com | 051 404 7813 |
| **REGSKENNISGEWINGS / LEGAL NOTICES** | | |
| noordkaapbulletinlegals@media24.com | | 051 404 7600 |
| **GEKLASSIFISEERD / CLASSIFIEDS** | | |
| noordkaapbulletinadverts@media24.com | | 051 404 7600 |

**OMBUDSMAN**

Kontak NoordkaapBulletin se ombudsman oor klagtes: Stuur alle klagtes, navrae of voorstelle oor die inhoud van die koerant aan ons ombudsman, George Claassen, by 021-851-3232 of na george.claassen@media24.com.



Geen redaksionele materiaal of advertensie mag gereproduseer word sonder die toestemming van Media24 nie (artikel 12(7), Wet op Kopiereg 1978).

NoordkaapBulletin proudly displays the "FAIR" stamp of the Press Council of South Africa, indicating our commitment to adhere to the Code of Ethics for Print and online media, which prescribes that our reportage is truthful, accurate and fair. Should you wish to lodge a complaint about our news coverage, please lodge a complaint on presscouncil.org.za or email the complaint to enquiries@ombudsman.org.za. Contact the Press Council on 011-484-3612.

Twyfelhoekie

# Welkom voel is soos ma se kombuis

HANNES NOËTH

**Iemand vertel my onlangs hoe lekker dit was toe sy in 'n vreemde stuk wêreld tussen vreemde mense as deel van 'n nuwe begin moes aanpas, en iemand heel opreg en gemaklik aankondig: Welkom by ons!**

Daar is sekerlik min dinge wat soveel vreugde in het as om welkom te voel.

'n Opregte welkom is soos 'n kombers wat jou toevou in winterkoue en knus laat voel.

Dit is inderdaad soos om tuis te kom in ma se kombuis.

Die teenoorgestelde is natuurlik veel erger, en dit is wanneer jy nie welkom en tuis voel nie.

Daarom is dit so belangrik dat ons mense welkom moet laat voel in ons lewe, in ons groepe, in ons werk en in ons kerk.

Ons speel so 'n groot rol in hoe tuis ander mense voel of nie voel nie.

Natuurlik kom welkom voel vir party mense makliker as vir ander, en natuurlik is daar mense wat van geaardheid net so moeilik is dat dit moeilik is om hulle te laat welkom voel.

Maar wat ons aanbetref, sover moontlik, moet ons mense laat welkom voel in ons leefwêreld, want mense wat welkom voel, is deel van: werk saam, lag saam en doen saam.

Mense wat welkom voel, dra mekaar en staan op vir mekaar.

Die belangrikste is natuurlik dat mense moet welkom voel in jou hart.

Anders gaan hulle nêrens anders welkom voel nie.

Is daar ruimte in jou hart en leefwêreld vir ander mense?

Beleef mense die warmte daarvan dat hulle welkom is by jou?

Kan jy opreg welkom sê?

Potpourri

# Dié mense gee om

KARIN MULLER

**"Vriendin, ek vra vir almal wat ek ken: Ons kry eersdaags 'n klomp mense vir die plaaslike sporttoernooi. Het julle dalk vir ons 'n bed om te leen? Ons sal dit self kom haal en weer aflewer."**

Ek glimlag.

Sy frons.

Ek verduidelik dat hierdie soort vrae nie iets is wat algemeen in ander provinsies voorkom nie.

As jy nie oorspronklik in die Noord-Kaap grootgeword het nie, bly hierdie vrae vir jou baie uniek.

"Jy verstaan dat mense nie so iets in anders provinsies vra nie. Veral nie vir almal wat hulle ken nie," sê ek laggend.

Sy trek haar skouers op.

"So jy sal my laat weet of julle 'n bed het, of sal jy namens my rondvra?"

Ons het ongelukkig nie 'n bed gehad wat hulle kon leen nie, maar hulle het wel iewers 'n bed te lene gekry.

Die sporttoernooi was 'n reuse-sukses en die gaste kon nie uitgepraat raak oor hoe goed dit aangebied is nie.

Ek wonder of die boodskap van die geleende bed ooit die gaste bereik het.

Oor die algemeen het die mense in die Noord-Kaap nog tyd vir mekaar en ander mense se uitdagings. Daar word geensins gehuiwer om iemand in nood te help nie.

Hier is nie 'n oorvloed werksgeleenthede of 'n gematigde klimaat nie. Hier is die soort uitdagings waarvan ander provinsies nie eens bewus is nie.

Maar hier is mens-mense wat omgee.

En hulle is oneindig kosbaar.

Kameeldoring

# Slaaptydplan slim

GERDA-MARIÉ VAN ROOYEN

**Kort voor slaaptyd lees Mamma oor Johannes die Doper.**

Sy herinner Oudste Jesus is Johannes se nefie, en vra vir Oudste wat sy nefies se name is.

Hy gooi eers wal dat hy hulle net oor die skerm sien en nie eintlik hulle of hul name ken nie.

Daarna vra Mamma weer wat Jesus se nefie se naam is.

Onseker en skuldig antwoord hy: "I don't know."

Mamma maak groot oë en gee die regte antwoord.

Sy sê Pappa se tweede naam is ook Johannes en verduidelik wat dié en sy eie name beteken, en hoekom hy en sy sussie gedoop is.

Heel van onderwerp af val Oudste weg met sy droom om eendag die wêreld te regeer.

"And I want a stone army," voeg hy by.

Mamma probeer die leisels weer vasgryp en verduidelik ons grootste werk is om vir God en sy mense lief te hê.

Later, na aanleiding van die "shiny old house", wat die betekenis van sy name is, verklaar hy hy gaan eendag 'n ou huis koop.

Hy gaan dit in 'n tempel verander en almal wat nie glo nie, in 'n hok toesluit.

Mamma sê die ongelowiges moet juis van Jesus hoor sodat hulle ook hemel toe kan gaan.

Oudste verseker haar hy sal hulle dan dáár van Jesus vertel.

"There they can't run away. They just have to listen to me.

"See, I am a clever clock," antwoord hy ingenome.

Mamma wonder of sy Ouboet ook eers moet toesluit sodat hy kan luister.